(NEWS FLASH)

Geagte Pearly Beach Belastingbetaler

Ons is bevoorreg om voortaan ons eie webtuiste te kan bedryf danksy die inisiatief van Steve Peck wat op ons komitee dien.

Ons sal u langs hierdie weg op hoogte kan hou van verwikkelinge rondom sake wat ons pragtige dorp betref. U word versoek om by die volgende adres in te skakel waar u nie net oor die varsste nuus rakende die belastingbetalersvereniging nie, maar ook die bewarea, buurtwag en polisiëringsforum kan lees: www.pearlybeachratepayers.co.za

Ons is bevoorreg om na afloop van die onlangse munisipale verkiesings 'n raadslid in ons midde te hê. Dudley Coetzee, ons voorsitter, is tot raadslid van wyk 11 verkies. Wyk 11 beslaan Stanford, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Viljoenshof, Withoogte en Buffelsjagbaai. Dudley word sukses en voorspoed toegewens vir hierdie groot taak wat hy moet vervul. Ons wil hom verseker van die volle ondersteuning van sy kieserskorps.

Aangesien Dudley Coetzee nie meer die posisie as voorsitter van die belastingbetalersvereniging kan beklee nie, sal Theo Coetzer die vooritterstaak by hom oorneem. Dudley bly steeds 'n ex officio lid van die komitee.

Theo se kontakbesonderhede is as volg:
Selnommer: 0824618475
Epos: info@pearlybeachratepayers.co.za

Ons wil alle lede hartlik bedank vir die hernuwing van u lidmaatskap vir 2011 en verwelkom alle nuwe lede wat by ons aangesluit het. Indien daar steeds oud-lede is wat hul lidmaatskap wil hernu, kan u die bedrag van R30 direk deponeer in ons bankrekening. Nuwe lede wat wil aansluit, kan hul besonderhede aan Shirley by admin@pearlybeachratepayers.co.za stuur, vir registrasie.

Die bankbesonderhede is as volg:
Pearly Beach Ratepayers' Association
ABSA, Gansbaai, Branch code 632005, a/c no 3228149534

Please send proof of payment to either admin@pearlybeachratepayers.co.za (email) or 028 3819867 (fax).
Please include your name and Erf no as a reference on your deposit

Die herstelwerk aan Hoofweg word deurentyd aangespreek en die nuutste terugvoering is dat die kontrakteur die werk aan hulle 2 gedeeltes binne die volgende 2 weke moet afhandel (as die weer dit toelaat). Met ander woorde dit behoort teen die middel van Augustus afgehandel te wees. Dit is ongelukkig so dat die kontrakteur se projek die hele Overstrand insluit en dat hulle nie deurgaans in een dorp werk nie. Ons vertrou dat die werk spoediglik afgehandel sal word.

Die munisipaliteit is besig met die middelste gedeelte en die werk sal vorder soos wat die weer en die beskikbaarheid van masjinerie dit toelaat. U word versoek om geduldig te wees hiermee. Ons vertrou dit sal die moeite werd wees wanneer die werk uiteindelik voltooi is.

Indien u enige voorstelle en/versoeke het sal ons graag van u wil hoor. U kan van ons epos-diens gebruik maak of 'n sms stuur. U is welkom om ook per telefoon te skakel indien u dit so verkies.